Een-en-Twintig riglyne vir effektiewe gebed

(Uit: 'Gebed maak alles anders' geskryf deur Bennie Mostert, Carpe Diem uitgewers)

1. **Bid volhardend** (Luk.18:1).
   "Jesus het vir hulle 'n gelykenis vertel om duidelik te maak dat 'n mens altyd moet aanhou bid sonder om moedeloos te word."
2. **Bid met vrymoedigheid** (Heb.4:16, OV).
   "Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word."
3. **Weerstaan die duiwel** (Jak.4:7).
   "Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug."
4. **Laat God werk** (Ps.37:5).
   "Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom - Hy sal sorg."
5. **Bid spesifiek** (Fil.4:6).
   "Maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend"
6. **Bid in Jesus se Naam** (Joh.14:13-14).
   "Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word. As julle My iets in my Naam vra, sal ek dit doen."
7. **Bid met geloof** (Mark.11:22-24).
   "Julle moet geloof in God hê! Dit verseker Ek julle - elkeen wat vir hierdie berg sê: "Lig jou op en val in die see," en daarby nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, gebeur, vir hom sal dit gebeur ... Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees.
8. **Bid volgens God se beloftes** (2 Kor.1:20, OV).
   "Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons."
9. **Moenie vir God voorskryf nie** (Jes.55:8-9).
   "My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here; soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes."
10. **God is almagtig** (Ef 1:19-21).
    "Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het: hoog bo alle bose magte en enige ander vorm van gesag waarvan daar sprake mag wees, nie net in hierdie bedeling nie maar ook in die bedeling wat kom."
11. **Bid volgens God se wil** (1 Joh.5:14-15).
    "En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra. En aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets só vra, weet ons ook dat ons kry wat ons van Hom vra."
12. **Bid met verwagting** (Jer.33:3).
    "Roep My aan, Ek sal jou antwoord en jou vertel van groot en onverstaanbare dinge waarvan jy nie weet nie."
13. **Loof en dank God vir antwoorde** (Ps.100).
    "Kom voor die Here met gejubel... Gaan sy poorte binne met dankliedere, sy tempel met lofsange, dank Hom, prys sy Naam..."
14. **Gehoorsaam God, leef heilig** (1 Joh.3:21-22).
    "Geliefdes, as ons gewete ons nie veroordeel nie, het ons vrymoedigheid om na God te gaan; en wat ons vra, kry ons van Hom omdat ons sy gebooie gehoorsaam en doen wat Hy goed vind."
15. **Bely en breek met alle bewuste, onbelyde sonde** (Spr.28:9; 28:13).
    "As iemand hom doof hou vir die wet van die Here, sal die **Here** 'n afsku hê ***van*** so 'n man se gebed ... *Wie sy sonde wegsteek, moet* niks *goeds* te *wagte wees nie; wie sy sonde bely en daarvan afsien (laat staan-OV), sal genade ontvang.*
16. **Bid vurig en ernstig (**Jak.5:16, OV).
    "Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag."
17. **Bid vanuit jou gesagsposisie in Christus** (Ef.2:6, OV).
    " *... en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus."*

18. **Deurweek jou gebede met lofprysing en aanbidding** *(Rom.11:33-36). "O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë! Wie ken die bedoeling van die Here? Wie gee Hom raad? Wie bewys hom 'n guns dat Hy verplig is om iets terug te doen? Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Amen. "*
19. **Wag op die Here tot Hy antwoord** (Jes.40:31,OV; Ps.145:15, OV).
    "Die wat op die Here wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie."
    "Die oë van almal wag op U, en U gee hulle hul spys op die regte tyd."
20. **Wees eerlik met God in jou gebede, moenie dinge vir Hom probeer wegsteek of verdraai nie** (Ps.139:23-24).
    "Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak. Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad!"
21. **Bid en gee jou dankoffers** (Mal.3:10; Fil.4:18-19).
    "Bring die hele tiende na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die almagtige. Toets My of Ek nie die vensters van hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie.